

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

Ds. PJ Kriel

27.06.2021

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die inhoud van 'n getuienis oor Christus en vertellings oor wat mense vir God doen, van God sien en met God beleef. Dit wys dat Christus deur getuienis oor Hom, geloof en geloofsgehoorsaamheid in mense skep, maar as God absoluut niks deur godstories doen nie. Wat met mense gebeur deur godstories is eenvoudig net wat mense met mense doen, nie wat God met mense doen nie. Dit wys ook hoe die NG Kerk se nuwe missionaliteit berekend net godstories is en nie meer getuienis oor Christus wil wees nie.

Skriflesing 2 Kor. 11: 1, 5,6, 16 – 30; 12: 1 - 4. Hand. 2: 22 – 25, 32 – 36.

Teks Hand. 2: 32 “God het hierdie Jesus laat opstaan – daarvan is ons almal getuies.”

Tema Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

1. Het jy al vir die Here getuig en is jy vir die Here 'n getuie?

Ons as gelowiges is vandag huiwering om hierop “ja” te sê. Die rede hiervoor is omdat ons vandag die hele tyd na mense se geestelike stories moet luister wat hulle hul “getuienis” noem. Ons as gelowiges voel altyd ongemaklik met hierdie stories en voel ook ongemaklik om oor onself sulke stories te vertel. Daarom voel en dink ons ons kan nie getuig en getuies wees nie.

Dit wat mense egter vandag hul getuienis noem, is presies wat die Bybel fabels, legendes en mites noem. ((1 Tim. 1: 4 en 4:7: 2 Pet. 1:16) Paulus noem dit hier in 2 Kor. 11 “spog.” Dit is spoggerige godsdienstigheid.

Om vir die Here te kan getuig en 'n getuie wees, moet ons kan onderskei tussen wat getuienis en gespog is.

Paulus wys in 2 Kor. 1 - 12 wat die verskil tussen om vir die Here te getuig en om geestelik te spog, is. Paulus noem geestelike gespog dwaasheid. Dit is die woord wat afgodsdien beskryf. Dit is wat die woord “dwaas” in hierdie verse beteken. Om dwaas te wees, beteken nie om dom te wees, ongeskoold of sonder nagraadse opleiding te wees nie. Om 'n dwaas te wees beteken om met afgode en afgodsdien besig te wees.

Paulus vra die gemeente dat hulle 'n bietjie dwaasheid van sy kant af moet verdra. (2 Kor. 11: 1) Hy wil ook 'n bietjie met afgodsdien spoggerig wees. Die lidmate van Korinthe is besig om die dwase afgodsdien van ander predikers te verdra, predikers wat Paulus sarkasties “super-apostels” noem. Paulus wil wys hy kan ook die geestelike stories vertel soos hierdie super-apostels besig is om te vertel.

Hierdie predikers was besig om die dwaasheid van afgodsdien as geloof in Christus te preek. Daarom noem Paulus hulle “vals apostels”, “slinkse werkers” wat hulle self vermom as apostels van Christus, maar wat niks anders as afgodsdien in die Naam van Jesus preek nie.

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

2. Paulus wys dat hy ook dwase stories oor God kan vertel soos hierdie ander Joods- Christelike predikers uit Jerusalem. Hy kan ook soos hulle spog. Daarom sê hy die lidmate moet aanvaar dat wat hy nou in 11: 22 – 12:4 gaan doen, om te spog, is presies net hoe hierdie valse predikante in die gemeente Korinte besig is om te preek .

Met hierdie gespog is hulle besig om 'n ander Jesus, 'n ander gees en ander evangelie aan lidmate voor te hou as wat Paulus, Timoteus en Silas aan hulle die eerste keer gepreek het. (11: 4)

Dan gee Paulus 'n vertelling van homself in 11: 22 – 12: 4 waarmee hy dan die afgodsdienste van 'n ander Jesus, gees en evangelie voorhou deur oor homself te spog. Met hierdie geestelike gespog wys Paulus dat hy ook doen wat die sogenaamde super-apostel kan doen.

Paulus spog dat hy nes die super-apostels ook 'n Hebreër, Israeliet en nakomeling van Abraham is. Dit beteken dat hy 'n egte, vroom en toegewyde onderhouer is van die ware liefde van God se wet is, wat nie afvallig geword het deur die Griekse wêreldkultuur nie; dat hy deel van die verbondsvolk van God, 'n Israeliet is en dat hy as nakomeling van Dawid deel is die Messiaanse beloftes. Alles wat die Joods-Christelike apostels uit Jerusalem was, was Paulus ook.

Dan spog Paulus dat hy vir Jesus 'n beter dienaar was wat vir Jesus meer gedoen het as die super-apostels. Paulus het werklik vir Jesus meer gedoen en gelyk as wat enige van hulle vir Jesus gedoen en gelyk het. Alles wat Paulus vertel oor wat hy vir Jesus gedoen en gelyk het in verse 23 – 29, is alles die waarheid.

In hoofstuk 12: 1 – 4 spog Paulus dat hy meer gesigte en openbarings van die Here gehad het as die super-apostels. Hier verwys hy onder andere na die Here se verskyning aan hom op die Damaskuspad (Hand. 9), 'n visioen oor 'n Macedoniese man wat hom roep om sy sendingreis na Griekeland toe te verander (Hand. 16: 9,10) en 'n gesig van 'n engel wat hom gewys het hy en sy mede-reisgenote sal nie verdrink nie (Han. 27: 23).

3. Hoekom noem Paulus wat hy vir Jesus doen, ly en sien in gesigte “spog”?

Want dit is nie 'n getuigenis nie! “Spog” is presies die teenoorgestelde van “getuig”.

Wat is 'n getuigenis?

Wat 'n getuigenis is, sien ons in die Petrus se preek op Pinksterdag in Hand. 2. Dit is die eerste getuigenis van die Christelike Kerk a die Here opgevaar het na die hemel. Dit is inhoudelik ook presies dieselfde preek wat Paulus op sy eerste sendingreis aan die mense in Antiogië in Pisidië preek. (Hand. 13)

Waaroor preek Petrus en Paulus in Handeling? Kom ons som Petrus se preek op! Hy preek dat Jesus wonderdade verrig het. Hierdie Jesus wat só self God was het dan gelyk onder die heidene, dit is onder Pontius Pilatus, is gekruisig, het gesterf, is begrawe en het op die derde dag uit die dood uit opgestaan. Jesus is toe verhoog

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

aan die Vader se regterhand en het toe die Heilige Gees ontvang en uitgestort.
Daarom is Jesus nou vandag só Christus en Here!

Hierdie aankondiging van die evangelie, wie Jêsus is en wat Hy doen, is getuienis. Soos Petrus dit self stel: “daarvan is ons getuies.” (Hand. 2: 32) Dit is presies hoe en waarvoor die Here Jesus Petrus-hulle as getuies aangestel het in Luk 24: 45 -48: “So staan daar geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood uit opstaan, ... Julle moet by Jerusalem begin en getuies van hierdie dinge wees.”

Om 'n getuie te wees wat vir die Here getuig, is om sy heilsdade van sy geboorte tot sy wederkoms aan te kondig en aan te kondig wat Hy as Here vandag daardeur besig is om te doen.

Hoekom noem Paulus alles wat hy vir Jesus doen en wat Jesus hom laat sien, “spog”? Want dit is stories oor Paulus se lewe en nie getuienis oor Christus se lewe nie.

Getuig is om te vertel wat Jesus Christus gedoen het en hoe Hy ons daarby insluit. Om te spog is om te vertel wat jy vir Jesus gedoen het en watter gesigte en visioene jy van Jesus gesien het.

4. Wat gebeur deur 'n getuienis oor Christus wat nie deur spogstories gebeur nie?

Die werklike groot verskil tussen getuig en spog is wat die Here met 'n getuienis doen en wat Hy met spog doen.

In Handeling 2: 37 - 41 word beskryf wat die Here aan die Vader se regterhand met die getuienis van Petrus oor Jesus se lyding en opstanding doen.

Hy skep geloof in Hom en 'n nuwe gehoorsaamheid aan Hom deur hierdie getuies oor Hom. Die Here het hulle met die evangelie-aankondiging diep getref sodat hulle hul wegkeer van hul wetsonderhouding om hulself reg te maak vir God en te vertrou dat Christus hulle vir God se liefde reg laat wees. Dit is wat dit beteken om die Heilige Gees te ontvang” om ingesluit te wees in Christus en so vir God reg te wees.

Christus maak mense deel van sy lyding en opstanding deur die getuienis oor Hom. Hy maak mense regverdig en heilig deur die evangelie wat só werk: Syne is myne en myne is Syne! Dit is die gawe van die Gees!

Wat doen Jesus met spogstories oor wat mense vir Jesus doen?

Absoluut niks nie!

Christus gee nie vir enige mens die gawe van vergifnis en die gawe van die Gees wat jou met Jesus in die hemel verenig, deur enige spogstorie oor God nie. Christus gebruik nie hierdie stories nie en Hy as God doen niks met mense deur hierdie stories nie.

5. Daarom is hierdie stories van mense oor wat hulle vir Jesus doen, dwaasheid.

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

“Spog” beteken nie om met geld, besittings en mooi mense in jou lewe vertonerig te wees nie. “Spog” is om met God vertonerig te wees. “Spog” is om te maak asof God deur jou lewe ook die magtige dade doen wat Hy deur Christus se lewe doen. “Spog” is mense wat maak asof God deur hulle lewe, hulle storie en visioene, ander mense nader aan God kom, God inniger ervaar en deel van God se plan word.

Dit is dwaasheid! Dit is 'n ander Jesus, gees en evangelie as die verkondiging van wat Jesus gedoen het en Hy vandag bewerk deur dit wat Hy gedoen het.

6. Wat gebeur regtig met mense deur hierdie spoggerige geestelike stories van mense?

Christus as Here doen absoluut niks hierdeur nie. Wat met jou deur hierdie godstories gebeur is wat die mense wat dit vir jou vertel, met jou laat gebeur. Wat hulle met jou doen beskryf Paulus dan in 2 Kor. 11: 20 só: “Want julle verdra dit as iemand van julle slawe maak, as iemand julle uitsuig, as iemand julle misbruik, as iemand hooghartig optree, en julle in die gesig slaan.”

Christus doen absoluut niks deur hierdie stories nie, maar die predikante wat hierdie godstories vertel doen, maak mense wat hulle stories glo, hulle mense slawe, suig hulle uit, misbruik hulle en verneder hulle met 'n gewelddadige hooghartigheid wat Paulus beskryf as om deur die gesig geslaan te word.

Hoe?

Wanneer 'n super-predikant, pastoor, priester of geestelike jou vertel van wat hulle vir Jesus doen en wat Jesus hulle laat sien, verwag hulle iets baie spesifiek van jou. Hulle verwag nie dat jy in Jesus se vergifnis sal glo nie. Hulle verwag dat jy jouself in hulle storie oor God sal identifiseer.

Jy moet met God in hulle lewe, dade en visioene identifiseer! In hulle godstorie moet jy God ontmoet, vind en jou eie God maak. Jy moet God in hulle lewe raaksien, in hulle lewensverhaal hoor en dan ook soos hulle wil wees. Dit verwag hulle van jou terwyl hulle jou van hulle godstorie saam met Jesus vertel.

Paulus se beskrywing van wat hierdie super-predikante dan met die lidmate van Korinte doen, is nie 'n beskrywing van bombastiese, hoogdrawende, skreeuerige, skellende en dreigende manier waarop hulle preek en praat nie. Dit is nie 'n beskrywing van persoonlike houdings en sentimente soos innigheid teenoor afsydigheid nie. Dit stel dit wat geestelikes met godstories met mense maak teenoor dit wat Christus met mense deur getuienisse oor Hom met mense maak.

Dit is 'n beskrywing van wat die godstories met lidmate maak. Godstories wat met die mooiste, soetste, innigste, stroperigste en sagste wyse vertel en voorgehou word. Wat met mense in en deur godstories gebeur, is presies die teenoorgestelde van wat Christus met mense deur getuienisse oor Hom laat gebeur.

7. Godstories maak mense slawe!

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

Paulus gebruik dwarsdeur sy briewe die woord slawe om te wys dat mense God se slawe is, soos in Gal. 4: 7: “Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun; en as jy seun is, is jy ook erfgenaam.” Godstories maak mense God se slawe, maar die getuienis oor Christus maak mense God se kinders!

Hoe so?

Wanneer jy na iemand se lewe met God luister, oor wat hy vir God doen en watter visioene God vir hom gee, dan hoor en sien jy dat jy soos hierdie mense vir God moet leef. Só is jy aan hierdie mens se godstorie en lewe vasgebind en ingebind. Jy moet dan net soos hy leef en word om ook God soos hy te kan ervaar en beleef. Jy moet jou in sy lewe inleef om een met God te word.

En so word jy deur hierdie godstorie 'n slaaf van hierdie mens en sy lewe, asof God daardeur werk. Hierdie is die afgodsdienste van die ander Jesus en ander geestes van afgode.

Wat doen Christus deur die getuienis oor sy lyding en opstanding? Hy verenig jou met Homself as mens in die hemel en maak jou heilig en regverdig vir God se liefde. Hy laat jou deur getuienis glo in jou kindskap van God. Só is jy sonder enige band met enige mens, net aan die Here self verbind.

8. Godstories is hoe mense uitgesuig word in die Naam van die ander Jesus en geestes.

Uitgesuig wys hoe jy van alles wat jy is as mens leeg gemaak word! Alle godstories wys vir jou net een ding – jy moet as mens anders wees as wat jy is. Wie en wat jy as mens is is sleg. Jy moet transformeer. Jy moet word soos die mens wat vir jou sy godstorie oor homself vertel. Só word jy uitgesuig van alles wie jy is en wat jy doen, sodat jy self niks is nie en altyd net wil wees en optree soos die mense wie godstories van hulself vertel.

Die getuienis oor wie Jesus Christus is en wat Hy vir ons in ons plek doen, suig ons nooit uit van wie en wat ons is nie. Teenoor hierdie uitsuig deur stories staan die vervulling deur getuienis.

Paulus stel dit só in Efesiërs 1: 23: “die kerk wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.” Christus vervul ons met sy heiligheid, regverdigheid, smetloosheid, onberispelikheid as mens sodat ons dit werklik vir God is. Christus vervul ons met die liefde, goedheid, genade en barmhartigheid van God.

Christus suig ons nie uit van wie ons is nie, maar vervul ons in wie en wat ons as mense is, met alles wat Hy vir ons bewerk het. Deur die getuienis oor Christus word ons vervul maar deur mense se godstories leeg gesuig.

9. Godstories van mense waarin ons God moet raaksien en ervaar, is hoe geestelikes ons misbruik. God doen niks deur hulle godstories nie, maar hulle glo God leef en werk in en deur hulle met hul godstories. Daarom wil hulle vir jou met hulle stories wys wat God met jou lewe doen.

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

Hulle maak hulle stories oor God, God se plan vir jou lewe. Op hierdie wyse laat hulle jou alles wat hulle wil hê deur hulle ondernemings, hulle aksies, hulle bedrywe en hulle projekte, God se plan met jou lewe maak.

Maar dit is 'n leuen. God se plan vir jou lewe is wie Christus is en wat hy vir jou doen. En Christus gebruik jou nie vir goddelike projekte, ondernemings, bedrywe en aksies nie. Kyk wie laat Christus jou wees: “Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om die goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.” Christus laat jou die mens wees wat God jou gemaak het en die goeie doen waarvoor jou in jou gene voor gevorm is. Dit is wie Christus jou maak deur die getuienis oor wat hy vir jou doen.

Godstories maak jou iemand wat moet glo dat as ek deel is van die geestelike aksies, ondernemings, bedrywe en projekte van geestelikes, dan doen ek wat God my voor wil gebruik.

10. Godstories maak dat jy jou onderwerp aan die hooghartigheid van geestelikes wat jou geweld aandoen – soos Paulus dit stel, “wat jou in die gesig klap”.

Alle godstories van mense wys jou dat hulle geestelik beter, hoër, inniger met God, nader aan God, meer toegewyd aan God, meer ingelig by God, en meer bruikbaar vir God is as jy!

Hulle godstories wys jou altyd jy is nog nie reg nie, nog nie deel van wat God vir jou beplan of wil hê nie, maar as jy soos hulle word, dan sal jy reg kom, en dan is hulle jou leermeesters, jou voogde en mentors, jou rolmodel en voorbeeld, jou bestuurder en direkteur.

Kyk of u iets van hierdie hooghartigheid en geweld teen jou as persoon kan raaksien in die getuienis oor Jesus Christus in 2 Kor. 5: 21: “Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God regverdig kon word.”

Christus is nie die een wat beter, hoër, nader, inniger, meer toegewyd, ingelig oor God en meer bruikbaar vir God is as ons nie. hy is nie ons voorbeeld nie, maar Hy is ons sonde vir ons sodat ons altyd vir God reg is.

Dit is die getuienis oor Jesus Christus: Hy maak dat ons altyd reg vir god is, omdat Hy ons sonde vir God is! En dit is Hy nie hooghartig en daarmee klap Hy ons nie in die gesig nie.

11. Getuienis is om te vertel wie Jesus is en hoe Hy ons sonde is en ons sy regverdigheid en heiligheid is. Vir kinders leer ons dit só: Syne is myne en myne is Syne.

Kinders kan getuig en kinders is getuies! Dit is hoe ons die kinders vanoggend in hulle kategetiese toets laat getuig: Jesus het gely: Hy kry al my slegte name en ek kry sy goeie Naam. Jesus is gekruisig: Hy kry my slegtheid en ek kry sy goedheid. Jesus het gesterf: Hy kry my straf. Deur hierdie getuienis wek god in hulle geloof en nuwe gehoorsaamheid vry van skuld en oordeel.

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

Ons mag nie dat spogstories oor God, ons laat dink ons kan nie getuig nie. Elke keer wanneer ons Christus bely – getuig ons en is ons getuies! Ons mag nooit soos die lidmate in Korinte maak asof spog en getuig sommer maar net dieselfde is nie. Só word ons slawe, uitgesuig, misbruik en verneder deur mense se godstories. Kom ons kyk na twee maniere waarop ons deur godstories só slawe gemaak word.

Die een is die bekende ou manier om te luister na mense se stories oor hulle hulle van hul sondes bekeer het. Hulle vertel ons altyd hulle was eers verskriklik sleg, toe het God in 'n gesig, visioen, stem, 'n gebeurtenis of iemand anders se storie oor God hulle laat besluit om tot bekering te kom. Dan vertel hulle jou alles wat hulle vir Jesus gedoen het: hoe hulle hulle hart, lewe, besittings, toekoms, beroep, gesinslewe en volkslewe vir God gegee het en vir God begin leef het. Hulle vertel jou ook van alles wat met hulle gebeur het omdat hulle nou vir God leef.

Dan moet jou God in hulle lewe raaksien, doen wat hulle gedoen het en dan sal jy ook beleef wat hulle beleef het.

En dan is jy vir die res van jou lewe vasgevang in hulle godstorie, met jy jou self leeg maak vir hulle godstorie, moet jy alles doen wat God vir hulle wys en elke keer doen jy dit omdat jy nie naby en innig genoeg met God is nie.

12. Nou het hierdie selfde geestelikes moeg geword vir hierdie ou godstorie van persoonlike bekerings en 'n nuwe een opgemaak: hulle glo kom in pas en ritme met God eers deur spesiale meditasie, seremonies en goddelike gewaarwordinge wat hulle kry as hulle Bybelversies opsê, en dan wys God vir hulle om betrokke te raak by God se projekte en ondernemings in arm en ander gemeenskappe. Wanneer jy by hierdie armoede en gemeenskaps-ontwikkelingsprojekte van God betrokke raak, is jy missionaal. Deel van die nuwe nasiedroom van God in Suid Afrika.

Met hierdie godstorie word jy die slaaf van, uitgesuig vir, misbruik deur en verneder in en deur hulle sosiale aksies vir God. Vir hulle sosiale godstorie!

Kom ons vergelyk hierdie kultus met hoe God met sy wêreld besig is! Ons glo in God se voorsienige krag waardeur Hy self die wêreld bestuur. Hoe is god besig om aan alle mense kos te verskaf in die hele wêreld? God se kosvoorsieningsprogram is om mense boere te maak, voedselverspreiders en kosverkopers te maak. Dit doen God in alle gemeenskappe in die wêreld sonder die kerk. Hoe is God besig om alle mense in alle gemeenskappe in elke nasie in die hele wêreld te beveilig? Deur mense te roep tot die polisie, beskermingsdienste en sekuriteitsmaatskappye! Hoe ontwikkel god alle mense in alle kulture? Deur mense te roep tot onderwysers en dosente en só mense deur opvoeding bekwaam te maak! Hoe skep God werk en inkomste? Deur mense in alle wêrelddele te roep tot die ekonomie en arbeid. Hoe skep god 'n toekoms? Deur mans en vroue mekaar vir mekaar lief te maak, met mekaar te verenig in huwelike en kinders te verwek!

Dit is hoe God met sy voorsienige krag alles in die skepping beskik en bestuur. Maar nou kom die geestelikes en vertel dat eers wanneer jy in ritme met hulle godsdienstigheid kom, sal God jou in pas bring met sy wêreld met 'n armoede en ontwikkelingsprojek van die kerk! Hulle sal jou nooit vertel dat God jou deel van sy

Ons getuig oor Christus en vertel nie godstories nie.

ekonomiese hub in Sandton sal maak as jy jousef ekonomies bekwaam, God jou deel van sy wêreldwye voedselvoorsiening maas as jy 'n vermoënde boer word of God jou deel van sy wêreldwye opheffing van mense deur skole en universiteit as dosent sal gebruik nie. In God se voorsienigheid is jou nou uit pas met God totdat jy een of ander sosiale armoede-verligtingsprojek van die hulle godsdiens ondersteun. Hulle God is net by armes met welsyn besig, nie by alles wat besig is om in die res van die wêreld te gebeur nie.

Is jy nie deel van hierdie nuwe kerkstorie nie, is jy uit ritme en pas met God in die wêreld. Met hierdie godstorie van hulle sosiale drome en aksies – maak hulle jou hul slaaf, suig hulle jou uit, misbruik hulle jou en verneder jou! Maak hulle jou deel van net nog 'n kultus.

13. Is ons getuies en getuig ons?

Ja. Elke keer wanneer ons praat oor Jesus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding wat my vir God reg, heilig, goed en onberispelik maak, getuig ons. Want dit is wat 'n getuienis is!

Ons is getuies van die getuienis oor Christus!

Ons is nie mense se godstories nie! Ons sien nie God in ander mense en hulle lewe of dade nie. Ons sien en hoor God net in die lewe en werke van Jesus Christus!

In die getuienis oor Christus maak God ons en ons liefde vir God weer reg! Ons laat ons nie deur mense se godstories, slawe van hulle bekerings- of sosiale drome en aksies maak nie.

Ons dien God volgens die goeie werke waarvoor Hy ons in ons gene in ons moederskoot voor gevorm het as sy kinders. Dit doen ons vir Hom wat nie hoogdrawend Here is en ons met geweld onderwerp nie. Dit doen ons vir die Here wat vir ons die sondaar is wat ons is sodat ons die regverdige mens vir God kan wees, wie Jesus Christus is.

Ons glo en vertel die getuienis oor Christus en verwerp alle godstories van mense!